# Teologie as wetenskap: Aantekeninge van buite die sistematiese Teologie

JP Oberholzer
Universiteit van Pretoria

---

Abstract
**Theology as science. Remarks from outside the sistematic theology**

Starting with a definition of science as a critical, systematic, controllable investigation, interpretation and description of what can be known or thought, the question whether theology could be regarded as a science is treated and positively answered, with ultimate preference for the term responsible theology, and reference to the theology practised in this faculty.

Die naasmekaar van die terme teologie en wetenskap impliseer 'n probleem. Dié probleem kom eers op die voorgrond waar daar sprake is van 'eintlike' teologie. Binne die teologiese kurrikulum word die apparate van 'n verskeidenheid dissiplines gebruik: taal- en literatuurwetenskap, historiografie, fenomenologie, filosofie, psigologie, argeologie, geografie, sosiologie ensovoorts, in welke gevalle elk van dié dissiplines vader staan vir metodiek en beskrywing. Waar die teologie egter met 'n eie apparaat werk en aanspraak maak op die status van 'n selfstandige en eiesoortige dissipline, ontstaan dadelik die probleem van verantwoording. Terwyl die Godsdiensgeskiedenis van die Ou Testament 'n saak kan wees van historiese ondersoek en beskrywing, is dit in die geval van die Teologie van die Ou Testament 'n saak van meer as dit, wat dan meteen impliseer dat die teologie nie eers daar begin waar historiese beskrywing ophou nie, en dat hy werksaam is ook in en met die metodiek van ander dissiplines.

Dit lyk dus wenslik om te begin met 'n omskrywing van die begrip wetenskap, wat 'n bewuste keuse beteken uit meerdere ontwerpe en ook doelbewus ruimte maak vir wat genoem word geesteswetenskap: *Wetenskap is kritiese, sistematiese, kontroleerbare ondersoek, verklaring en beskrywing van die kenbare en die denkbare.* Dit is nie nodig om ter wille van die teologie by die kenbare en die denkbare die

globare by te voeg nie. Die denkbare het immers ruimte vir alles wat as globaar aangedui sou kon word, en die toevoeging globare sou bowendien 'n element van newelagtigheid bybring. Toegegee, ook denkbare sou ontbeer kon word omdat kenbare die volle wydte van menslike domein en vermoë bestryk, maar dit word tog behou om uitdruklik ruimte te maak vir die metafisiese en byvoorbaat kennis te gee van die aanspraak van geesteswetenskap om voluit as wetenskap erken te word.

Die kenbare vir die teologie is kragtens die etimologie en oorsprong van die woord én kragtens bewuste keuse: wat God van Homself kenbaar gemaak het en maak. Die Grieksfilosofiese oorsprong van die term teologie in sy samestellende dele is bekend: godskunde, godekunde - vir Plato 'die filosofies-krities beoordeelde, ontmitologiseerde en in die sin van en na die maatstaf van die politieke opvoeding geïnterpreteerde, van alle aanstootlikhede bevryde mites, godesages en godegeskiedenisse', vir Aristoteles 'die filosofies-metafisiese betragting van wat is in sy syn' (Fries 1970: 206). In hierdie sin is teologie in ons konteks juis nie meer teologie nie. Nie wat oor god bekend gemaak is en bekend is, wat oor hom en sy moontlikhede gedink kan word, is objek van die teologie nie, maar wat God oor Homself bekend gemaak het en maak. Dit, hierdie laaste, verteenwoordig 'n bewuste keuse, sodat reeds hier, by die eerste tree in die rigting van die formulering van teologie as wetenskap, geloof op die toneel kom. Tegelyk kry ons te doen met 'n gegewene: die handeling van die een God wat Hom bekend maak. Die bewuste keuse vir hierdie kenbare is 'n vanselfsprekendheid, 'n keuse van net een moontlikheid. Wat God van Homself bekend gemaak het, is histories. Wat Hy van Homself bekend maak, is eksistensiële werklikheid. Hy het Hom geopenbaar en Hy openbaar Hom steeds. Die veld van die kenbare vir die teologie is daarom onmeetlik. Hierdie kenbare is nooit klaar ondersoek en beskryf nie.

Die bron vir die kennis van God is die Heilige Skrif alleen. Dit is ook 'n geloofsuitspraak, en bowendien 'n geloofsuitspraak in kontroversie. Die alleen verteenwoordig 'n (voortgaande) geskiedenis van keuse en afwysing. In die verband tussen openbaring en Heilige Skrif kom op dié wyse 'n eksklusiewe element, en dit is nou reeds duidelik dat die beoefening van die teologie self 'n eksklusiewe saak is. Juis hierdie aard van die teologie bring mee dat sy wetenskaplike status in gedrang kom. Sou die openbaring 'n historiese gebeure wees wat op een of ander wyse in die Bybel gerapporteer word, sou die veld oop wees vir wie ookal teologie wil beoefen, mits hy die toepaslike metodiese dissipline sou aanvaar. As openbaring egter ook 'n hedendaagse gebeure is en die Bybel die Heilige Skrif, norm vir geloof en lewe, is teologie 'n bedryf van die kerk en die lid van die kerk.

Teologie begin dus by die Heilige Skrif: hy lees, verklaar en beskrywe die data in die Bybel as data van die selfbekendmaking van God. Teologie is 'n

historiese, sistematies-spekulatiewe, eksistensiële handeling, 'n weg van historiese gestalte tot hermeneutiese imperatief. Daarom gaan die teologie ook verder as die teks van die Skrif. Die interpretasie en seleksie van data uit die Skrif in die vorm van kerklike simbole en liturgieë, die sistematiese ontwerpe van kerklike leer en die spekulatiewe deduksie deur opeenvolgende geslagte van teoloë, vorm self ook deel van die teologiese bedryf. Die verband tussen die teologie en die Heilige Skrif kan dus veeldimensioneel wees. Hoe wyd die teologie egter ookal beweeg of hoe gespesialiseerd, hy sal en moet beoordeel word aan sy hantering van die openbaringsdata soos dit in die Skrif neerslag gevind het. Die teologiese arbeid vanuit die Skrif mag egter niks anders wees as kritiese, sistematiese, kontroleerbare ondersoek, verklaring en beskrywing nie.

Teologiese formulering is tegelyk beskrywing van selfbegrip. Die openbaring is immers gerig tot mense. Teologie is daarom ook altyd antropologie. Die vrae Wie is ek? en Wat moet ek doen? (Sanders 1976: 403) is juis die vrae wat deur die teologie beantwoord probeer word op 'n wetenskaplike wyse. Daarin verkeer die teologie in die onbenydenswaardige posisie dat hy sy antwoorde moet verskaf in die koor van stemme wat elkeen aanspraak maak op geldende antwoorde. Teologiese kwaksalwery het 'n vaste plek oor die hele geskiedenis van die Skrif wees van die Woord, en die teologie kan hom daarvan alleen deur sy wetenskaplikheid onderskei. Sy aanspraak op geldigheid berus op sy kontroleerbaarheid. Die mens van die twintigste eeu bevind soos die mense van vorige eeue die formulering van die aangediende selfbegrip alleen dan as waar wanneer dit hom in beslag neem en hom koers gee, maar daarvoor het hy en sy medegelowiges die hoeksteen van die wetenskaplike teologie nodig. Dit maak die teologie 'n dienende bedryf. Sy bruikbaarheid bestaan daar waar hy die mense van die kerk bly dien.

Die westerse wetenskapsbegrip was uit die staanspoor bepalend vir die beoefening van die teologie aan die Universiteit van Pretoria. Die idioom waarin dit geskied het, was dié wat gevorm is deur die Nederlandse en Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis, dit wil sê die teologiese selfbegrip wat gestalte gekry het vanuit die veelsydige hervorming van kerk en samelewing vanaf die sestiende eeu. Dit het beteken teologie in gesprek met die Europese, meer bepaald die vastelandse tydgenootlike teologie. Slegs heel aan die begin was die Nederlandse filter werksaam, en dan ook hoofsaaklik in die sistematiese teologie. Spoedig was dit die Duitse en Switserse invloed wat 'n oorheersende posisie begin inneem het. Op die gebied van die Bybelwetenskappe het die historiese kritiek die Europese voetspoor gevolg en in die sistematiese veld was dit die dialektiese teologie wat die kroon gespan het. Veel later het, op voetspoor van die Europese ontwikkeling, daar ook oog gekom vir wat in Brittanje en die Verenigde State van Amerika op teologiese

gebied uitgespreek en geskryf word. Tans is daar 'n gesamentlike teologiese bedryf wat regionaal wel nuanseverskille toon maar waarvan die Suid-Afrikaanse wetenskaplike teologie 'n onmiskenbare deel vorm. Die Duits- en Engelstalige wêreld neem tans die voorste plek in, ook wat betref wisselwerking en invloed aan die Fakulteit Teologie (Afd A) aan die Universiteit van Pretoria.

Die vraag na die wetenskaplikheid van die teologie sal nooit klaar gevra en beantwoord word nie. Daarom is verantwoordelike teologie dalk die saak wat aan die orde moet bly. Daarmee word bedoel *'n teologie wat voortkom uit noeste vlyt oor die volle wydte van die ensiklopedie en diepe pastorale bewoënheid oor die mens*. Die jubilaris aan wie hierdie bundel opgedra word, het in vlyt en in pastorale bewoënheid nie tekort geskiet nie.

**Literatuurverwysings**

FRIES, H 1970. sv Theologie in *Handbuch theologischer Grundbegriffe*, Band 4. München: Deutscher Taschenbuch Verlag.

SANDERS, JA 1976. sv Hermeneutics in *IDB, Supplementary Volume*. Nashville: Abingdon.